Landsdiens - Land Service

Oos-Kaap Eastern Cape

*Dade Nie Woorde*

FACTA NON VERBA

**INDABA 3**

**NOV 2017**

## UIT DIE VOORSITTERSTOEL

Die einde van 2017 is in sig en nog ‘n besige en suksesvolle Landsdiensjaar is amper verby. Watter wonderlike voorreg, ten spyte van ons toenemende werksdruk asook persoonlike lewensuitdagings, daar nog steeds volwassenes is vir wie Landsdiens na aan die hart lê.

As chairperson, I would like to relay my personal thanks and gratitude to you all for the very important role that you have played in the lives of our members, never mind how big or how small. You must never underestimate the value of Land Service in the lives of our youth.

Graag bedank ek ook alle klubs wat hierdie jaar, elkeen op sy eie manier, die 4 liefdes van Landsdiens uitgeleef het. Elke projek, byeenkoms of kamp wat gereël is, het beslis op een of ander wyse vir iemand iets beteken.

At the end of my 1st year as chairperson, I would also like to personally thank all club leaders for their support and co-operation in 2017. However, it is my wish that this can even improve in future.

Ons was ook bevoorreg om 4 INDABAS uit te gee danksy die samewerking van die meerderheid klubs. Ek glo die INDABA kan in die toekoms net nog verder groei en verbeter.

My beste wense vergesel ook al ons Nasionale kampers van 2017. Mag die kamp vir elkeen ‘n ongelooflike ervaring wees en mag julle die Oos-Kaap se naam hoog hou.

Bai geluk ook aan elke lid wat as gevolg van sy/haar bywoning en betrokkenheid by Landsdiens die jaar ‘n gepaste toekenning ontvang het.

Last but not the least, on behalf of the Provincial committee, I wish every member a merry Christmas and a prosperous new year. May you all enjoy a wonderful holiday and may we return filled with strength that will assist us to cope with all challenges facing Land Service in 2018.

IN CONCLUSION: Thanks for being a Land Service friend, because F.R.I.E.N.D.S.

- **F**ight for you
- **R**espect you
- **I**nspire you
- **E**ncourage you
- **D**eserve you
- **N**eeds you
- **S**upport you



# COLOUR RUN

## Laer Volkskool








Op 28 September het Laer Volkskool ‘n kleur-oorlog gehou. Dit was omtrent ‘n morsige, nat en vuil oorlog. Die leerders het mekaar en die onderwysers gespuit met ‘n mengsel van water, meel en kleursel. Dit is moeilik om te sê wie die wenners was, maar een en almal het hulle gate uit geniet.

## Aliwal-Noord Landsdiens klubs


















Rainbow Run

Die drie Landsdiensklubs in Aliwal-Noord het saamgespan en ‘n Rainbow Run tydens die Buffelfees aangebied.

22kg verf, ‘n groot rugbyveld, ‘n kort roete en baie geesdriftige deelnemers het gesorg vir ‘n wonderlike ervaring!

Almal het die “run” geniet van die jongste deelnemers tot die oudstes! Baie dankie aan die Laerskool vir die gebruik van hulle velde, al die onderwysers van Bollie konyn, Nkosi Sikilela, Laerskool Aliwal-Noord en Hoërskool Aliwal-Noord wat gehelp het met verkoop van kaartjies. Dankie aan die reëlingskomitee van die drie klubs vir jul harde werk, Chantel Lombard, JF Bosch, Meyra Venter, Marcelle Whittal, Nicol Basson, Bonnie Venter en SW Vorster! Dankie aan elke deelnemer wat dit so ‘n onvergeetlike ervaring gemaak het.

# Burgersdorp Landsdiens klubs











Rainbow Run

14 Oktober was Laer- en Hoërskool Burgersdorp se Landsdiensbestuur en organiseerders vroeg uit die vere gewees om reg te maak vir die Rainbow Run. Die Rainbow Run het ons die Saterdag van ons dorp se Somerfees gehou.

In samewerking met Liebe-borg kon ons ook ons vier potige vriende akkomodeer en hulle saam nooi vir die 5km pretdraf. Daar was verskeie pryswenners gewees, onder andere die mees kleurvolste hond; 'n wit poedel het weg gestap met die prys in al die kleure van die reënboog. Van oud tot jonk het die pretdraf saam met ons kom deel.

Deelnemers het by die tennishuisie weg gespring en het 'n roete deur die dorp gehardloop, wel sommiges het dit geniet om die 5km rustig te stap en gegooi te word met kleure van die reënboog verf-poeier. By die eindstreep het Liebe-borg vir ons eerste 100 plkke 'n medalje oorhandig! Ons wil net baie geluk sê aan ons eerste drie plekke wat kontant pryse ontvang het:In die eerste plek Christiaan Nel , tweede plek was Christiaan Killian en ons derde plek was gedeel deur Johan Vosloo en Dreyer Goosen.

Baie dankie aan al die organiseerders,nl. Juff Sam, Carol, Rozanne, Mimi en Oom Piet vir al die beplanning. Ook 'n dank aan ons borge Liebe en CMR vir hulle bydrae sonder hulle sou dit nie moontlik gewees het nie. Belangrikste is dankie vir die deelnemers, vrywilligers en ons landsdiensbestuurslede vir hulle deelname. Almal het dit vreeslik baie geniet en ons hoop om julle almal volgende jaar weer te sien!!!

# Laerskool Aliwal-Noord

By laerskool Aliwal-Noord is die Ons Gee Om-Landsdiensmaats alweer voluit aan die gang met hierdie kwartaal se Landsdiens aktiwiteite. Tydens ons eerste namiddag byeenkoms het almal saam met Juff. Bonnie en Bianca Landsdiensliedjies gesing. Met Juffrou Caspie wat vir ons die klavier kom tokkel het en Juffrou Helena se klank-opname, het al die maats sommer blitsvinnig 'n paar van die gewildste Landsdiensliedjies onder die knie gekry. Met 'n heerlike beker warm sjokolade daarmee saam, het ons soos 'n engelekoor gesing!

Met Vrouedag wat vanjaar weer in die middel van 'n werksweek geval het, het die Landsdiensmaats weer, soos verlede jaar, die geleentheid gehad om 'n "deurnag-kamp" in die skoolsaal te hou. 138 baie opgewonde kinders van graad 4 tot 7 en 10 dapper onnies, het Dinsdagmiddag om 15:00 bymekaargekom om 'n propperse Landsdienskamp binne 20 ure in te pas! Heel eerste is daar in graadgroep-verband aan buite-aktiwiteite deelgeneem en ons het die volleyball, sokker, "tag"-rugby en boeresport maksimaal geniet. Na 'n vinnige koeldrank-breek het Mnr. Ignus die landsdiensmaats meer vertel oor sy stokperdjie, "Geo-Cashing". Dit was ongelooflik interessant en heelparty voornemende "Geo-Cashers" het ywerig vrae gevra. Worsbroodjies op die dek, was 'n heerlike aandete en daarna het almal saal toe geskuif.

Weer eens is die leerlinge in graadgroep-verband ingedeel vir 'n rondomtalie-aand van interessante aktiwiteite. Ons het pragtige boekmerke ingekleur, en scoobie-doo toutjies leer knoop om oulike sleutelhouertjies te maak. Menige Landsdiensmaat het vir die eerste keer met tolletjiebrei kennis gemaak! Dit was veral 'n uitdaging, want elkeen moes eers self die vier spykertjies inslaan, voordat daar met die werklike breiwerk begin kon word! Sommige is meer vingervaardig en het dit sommer vinnig beemeester. Vir 'n paar ander maats, wou daar net nie iets onder die houtblokkie uitkom wat soos tolletjiebreiwerk lyk nie! Vir almal was die lyndanse in die saal sekerlik die lekkerste, en ook die uitputtendste. Maar moeg, wou niemand word nie! Ons was immers oorgehaal om deurnag wakker te bly …. Rondom 23:00 het ons begin fliek kyk op die groot skerm in die saal. Maats het hulle so gemaklik as moontlik ingerig op die harde vloer en 'n paar het sommer gou-gou ingesluimer. Teen 03:00 was dit amptelik slaaptyd, maar net tot rondom 07:00, toe almal alweer reg was vir die volgende uitdaging! Maar eers is die innerlike versterk met heerlike muffins en vars-gemaakte braaibroodjies.

Woensdagoggend het ons maats 'n skattejag-aktiwiteit op die skoolgronde gehou, net om aan te sluit by die "Geo-cashing" praatjie van die vorige aand. Die laaste rondte van die aktiwiteite is ook voltooi en teen 12:00 was almal gereed om huiswaarts te keer. Dankie aan almal wat met 'n baie positiewe gesindheid deelgeneem het, en veral dankie aan die onderwysers wat soos ware Landsdieners op die vakansie, 'n ekstra diens gelewer het!

Die graad 4 en 5 maats het ook in die afgelope kwartaal hul jaarlikse klubkamp gehad. Vanjaar het ons by Karringmelkspruit 'n tentekamp gehou. Tent opslaan, ysbrekers en heerlike samesang rondom die kampvuur het almal in die regte stemming vir 'n tradisionele Landsdienskamp gekry. Maar o wee, toe ons Saterdagoggend opstaan, het die wind ampertjies almal, met tente en al, weggewaai!! Ten spyte van ongure en winderige weersomstandighede, het almal egter die staptog in die mooi natuurskoon aangepak, heerlik piekniek gehou en later 'n swemkansie in die koue spruit, geniet. Namiddag was dit tyd vir handvaardigheid en daar was nogal heelparty kreatiewe seep-beeldhouwerk wat gemaak is. Knoop-en-doop hemde is ook met baie entoesiasme gemaak. Wat is 'n Landsdienskamp in die berge sonder potjiekos en stokbrood vir nagereg? Virseker was dit een van die kamphoogtepunte!

Ons laaste namiddag-aktiwiteit het gefokus op handvaardigheid. Graad 6 en 7 lede het sleutelhouers gemaak. Die dogters het onder Juff. Sumara en Erisca se leiding, pragtige modge-podge sleutelhouertjies gemaak terwyl die seuns met Juffrou Elna en Mnr Delwyn se hulp leer-sleutelhouers gemaak het. Elkeen kon wegstap met 'n pragtige, bruikbare Landsdiens sleutelhouer!















## Sleutelhouers



# Hoërskool Aliwal-Noord



Die Senior Landsdieners het die kwartaal 'n stoel bou projek geloots. Stoele is uit buitebande gemaak. Die projek het aanvanklik eenvoudig gelyk, maar daar is gou besef dat die eenvoudige ontwerp wel baie uitdagings het. Eerstens is dit nie so maklik om gate te boor in 'n buiteband nie. Die buiteband is ook swaar, die meisies het veral gesukkel met die hantering van die bande. Toe die gate uiteindelik geboor is, toe begin die ryg van die sitplek, wat weer vir baie 'n uitdaging was. Na 4 middae se harde werk, kon daar resultate gewys word.













**Pragtige stoele uit buitebande en toe gemaak.**









Die Junior Landsdieners het gehelp met die voorbereidings van die matriekafskeid.

## Laer Volkskool







Op 21 Augustes het Laer Volkskool se Landsdieners hulle eetgerei-sakkies versier. Hulle het hulle hande geverf en op die sakkies gedruk. Daarna het hulle 'n randpatroon met duimafdrukke gemaak.



CANDEBOO KAMP

Die Gr6'e en voornemende Gr5's het 'n Landsdienskamp by Candeboo opvoedkundige sentrum net buite Graaff-Reinet bygewoon. 40 Leerders het die kamp bygewoon en vir sommige van hulle was dit die eerste keer dat hulle so lank van die huis af weg was. Hulle het 'n groot verskeidenheid aktiwiteite gedoen,onder andere het hulle uitgestap na die kampplek saam met Candeboo Nasionale Park se veldwagters, boeresport, aktiwiteite om spanbou te bevorder, handwerk en 'n nag-aktiwiteit waar hulle 'n opdrag moes uitvoer. Aan die einde van die kamp was dit 'n moeë groepie wat afgestap het na die hek toe voor hulle teruggekeer het skool toe.








## Hoërskool Framesby




Die Landsdieners besoek Jeffreysbaai.







Hulle het klere ontwerp uit koerantpapier en dit vertoon. Kreatiewe uitrustings is gemaak.












Hierdie klomp het tydens die Oktober vakansie op die Nukakamma Canoe Trail gaan roei. Dit was heerlik gewees en een en elk het dit baie geniet. Hulle het nie net geroei nie maar ook lekker geëet aan waatlemoen en sappige Texan steaks.








# Laerskool Burgersdorp







Landsdiens besoek die Polisie



Die 21ste Augustes het Laerskool Burgersdorp se Landsdiens ‘n bietjie meer gaan leer oor die Polisie van Suid-Afrika en ook Burgersdorp.Kaptein Ursula Roelofse het vir dir leerders mooi vertel wat die polisie alles behels, asook watter kwalifikasies mens nodig het as hulle dalk eendag wil aansluit. Die leerders het ook baie van verskillende honde geleer en die verskillende afdelings waar hulle honde gebruik. Ons het ook na die aanklag kantoor gaan kyk en daarna is die leerders na die selle geneem. Die leerders het baie geleer en ek dink almal gaan nou twee keer dink voor hulle dalk die verkeerde besluit neem. Baie dankie aan Oom Chrisjan Carstens vir die welgedane uitstappie.









Die Laerskool Landsdiens het Maandag 7 Augustes, die verfpotte beetgekry en al die asdromme en rye se kolle van die Laerskool mooi kleurvol geverf. Die kinders het die verf baie geniet. Die skool lyk baie mooi met al die verskillende kleure asdromme. Baie dankie aan almal wat gehelp het met die projek.







Die 25ste Oktober het Laerskool Burgersdorp 'n Slip en Slide afsluiting gehad. Die kinders het die gly baie geniet! Almal het lekker piekniek gehou en so tussen deur weer bietjie nat geword.

# Hoërskool Burgersdorp














Tydens die 3de en 4de Kwartaal was ons besig met verskeie aktiwiteite. Ons het die skool bankies afgeskuur en 'n nuwe lagie vernis gegee. Ons het nuwe liedjies aangeleer en saam gesing. Ons het ons papier wat ons in die skool versamel het die afgelope jaar bymekaar gemaak en al die sake geweeg. Altesaam het ons al 1,2 ton papier ingesamel. Ons het ook bietjie hulp verleen aan die somerfees deur hulle advertensie bord te verf. Ons het die jaar afgesluit met 'n sokkie en ons nuwe landsdiensbestuur was aangekondig. Dit was 'n baie suksesvolle jaar en ons dank almal wat deel was daarvan.

# Springbok-toekennings



Baie geluk aan die leerders van Hoërskool Burgersdorp wat hulle Springbok-toekennings ontvang het.

Links: Heinrich Vosloo
Regs: Deon Fourie

# Change Choices
## Good, Better, Best

Biodiversity in our school



## Stepping Up to Sustainability

WESSA

USAID

### Stepping Up to Sustainability – how can we live more sustainably and make positive lifestyle choices?

In 2011, WESSA launched the 'Stepping Up to Sustainability' concept. With the support of various partners, USAID and other funders, eleven 'Sustainability Commons' have been established across South Africa.

Each of these 'Sustainability Commons' will practice sustainable living by:

- reducing, sorting and managing waste better,
- installing renewable technologies,
- conserving and teaching about water management, as well as,
- providing experiential courses on biodiversity.

The goal is simple - to put into practice the lifestyle choices we all need to make! These innovative concepts are set to expand as we all 'step up to sustainability' and seek to change our environmental footprints into environmental handprints of practice for a more sustainable future!

## Biodiversity

*We are an integral part of nature*

Biological diversity - or biodiversity - is the number and variety of living organisms on Earth, the millions of plants, animals, and micro-organisms, the genes they contain, the evolutionary history and potential they encompass, and the ecosystems, ecological processes and landscapes of which they are integral parts. Biodiversity thus refers to the life-support systems and natural resources upon which we depend.

South Africa is the third most biologically diverse country in the world. It occupies only 2% of the world's land surface yet is home to nearly 10% (more than 23 000) of the planet's plant species and 7% of the reptile, bird and mammal species. It is thus of major global importance for biodiversity conservation. The remarkable richness of this biodiversity is largely a result of the mix of tropical and temperate climates and habitats in the country.

**Did you know?**
In South Africa, the first week in September each year is always celebrated as National Arbor Week.

**Did you know?**
Different countries may have different 'common' names for plants and trees but the scientific names are identical in all countries.

**Did you know?**
Bats are night creatures and most of them come out only at night to hunt. Although they can see fairly well, they are not equipped with the special eyesight that other night-hunting animals such as owls and cats have. Instead, bats fly and guide themselves using a sonar system.

### Good Change Choices Biodiversity

**Plant an indigenous tree during National Arbor Week.** As sources of building material, food, medicine, and simple scenic beauty, trees play a vital role in the health and well-being of our schools. Every Arbor Week celebration highlights two or three specific trees.

**Create walk-free zones.** Create seasonal walk-free zones where no-one walks, thus giving the vegetation and grass time to heal and get well established. Zones can change weekly, monthly or even annually.

**Manage the school's detergent use.** Many schools pour detergent-mixed water onto grass, gardens and other outside areas, thereby damaging or killing the vegetation. Consider using eco-friendly detergents.

**'Wild' corners.** Keep a section of your school grounds 'wild' and undisturbed. Grass and wildflowers can provide valuable shelter and food for wildlife. Damp rotting logs are the perfect home for many small animals.

### Better Change Choices Biodiversity

**Plant an indigenous garden.** Plant an indigenous garden in your school or adopt an area where the school can grow indigenous plants. The garden will encourage indigenous birds and insects and can also be used for soil studies and the Natural Sciences.

**Put up tree name plates on your indigenous plants.** Adding name plates (common and scientific) will increase everyone's knowledge of trees and plants. Visitors to the school are also sure to enjoy and benefit from the visible tree names.

**Make and put up a bat box.** Construct bat boxes and place them in the school where there is minimum disturbance. Studying their habits can be incorporated into the Natural Sciences, Geography, Biology and general environmental studies. Bats also help control mosquito and other insect populations – they can eat up to 1000 insects in an hour!

### Best Change Choices Biodiversity

**Develop an environmental policy for your school.** A school environmental policy is a statement of intentions and principles for improving a school's educational and environmental performance.

**Create a bird sanctuary.** Developing a $64m^2$ sanctuary for birds will greatly affect variety and density of bird populations as well as frogs and insects. The sanctuary can consist of ponds, trees, bush and undisturbed grasslands. Most schools already have the area and vegetation available, all that is needed is renovation.

**WESSA Share-Net**
People
Places and
Publications
For
Environmental Education

For **environmental resources** to support better lifestyle choices, contact WESSA Share-Net, 033-330 3931 ext 124 or 144; e-mail us at sharenet@wessa.co.za or visit our website www.wessa.org.za

USAID Main funding agent of the WESSA 'Stepping Up to Sustainability' project.

**Did you know?**
New species of animals are being discovered all the time! Scientists have discovered a frog the size of a pea, the smallest found in Asia, Africa or Europe, on the Southeast Asian island of Borneo.

**Did you know?**
Owls are depicted in cave paintings in France that date back 15 000 to 20 000 years. Owls also are used in Egyptian hieroglyphics.

**Did you know?**
There are more than 20 300 indigenous species of flowering plants that occur in South Africa.

**Did you know?**
Vegetation, unable to rehabilitate itself, will die which can then lead to soil erosion.

Practice the lifestyle choices we all have to make!!

## MISSING LETTERS PROBLEM

1. A chart that shows the food chain _ O _ D O _ B
2. A word that describes plants and animals that live in water O _ _ A _ _ C
3. Chemicals that living things need to survive _ O _ _ _ E _ _ _
4. Measure of how hot or cold something is O _ P _ _ _ _ _ _ E
5. Polluted precipitation _ C _ _ O _ _ N
6. Amount of sediment in water _ O O
7. Pollution from a pipe _ _ _ N _ _ _ O C _
8. The balance and relationships among living and nonliving parts of an environment _ O _ Y _ _ _ _
9. Pollution that is not from one source _ O _ O _ I _ _ _ _ U _ _ E
10. Creatures that have scales and gills and live in water _ O H

Directions: Fill in the missing letters, the circled letters will spell out a message.

by Bruce Kessler

Missing Letters Answers
1. Food Web 2. Aquatic 3Nutrients 4. Temperature 5.Acid Rain 6. Lead 7. Point Source 8Ecosystem 9. Non-Point Source 10. Fish

## CROSSWORD PUZZLE


by Andrew McCreight

ACROSS

1. Word that describes a bad thing people can put in the environment
6. Water bug that walks on water (two words)
Comes from the sun and plants need it
10. Government agency that helps regulate pollution
11. Liquid needed by all living things
12. Chemicals used to kill insects
14. A spidery way of showing how different plants and animals are related (two words)

DOWN

2. Gas produced by plants and needed by most animals
3. Kind of rain harmful to plants and animals (two words)
4. To poison by adding something
5. Pollution produced by factories (two words)
7. A small, flowing body of water
8. Dirt carried in water
13. Word used to describe a poison





Crossword Puzzle Answers
1. pollutant 2.oxygen 3. acid rain 4.contaminate 5.industrial waste 6water strider 7. stream 8. sediment 9light 10. EPA 11. water 12. pesticides 13. toxic 14. food web

3. BREË DOELSTELLINGS

Verantwoordelike en sinvolle burgerskap, met lojaliteit en liefde vir die eie, wat as volg opgesom kan word:

- Liefde vir en bewaring van die omgewing met sy veelvuldige natuurlike hulpbronne.
- Uitbouing van tradisies en wedersydse respek.
- Ontplooiing van jongmense se talente en geestelike toerusting om die uitdagings en probleme van hul tyd die hoof te bied.
- Die jongmens te lei tot gebalanseerde volwassenheid.



4. WIE KAN LID WORD VAN DIE LANDSDIENSBEWEGING?

Die Landsdiensbeweging is oop vir alle jeugdiges ouer as ses jaar wat die doelstellings van die beweging onderskryf.



5. WAT BIED DIE LANDSDIENSBEWEGING SY LEDE?

- Gesonde stimulerende aktiwiteite.
- Geleentheid tot selfverwesenliking.
- Geleentheid tot diens aan die gemeenskap.
- Gesonde en skeppende vryetydsbesteding.
- 'n Klimaat van kameraadskap en samehorigheid.
- Geleentheid vir ontplooiing tot gebalanseerde volwassenheid.
- Kennis en ervaring.



6. HOE DOEN DIE BEWEGING DIT?

Deur die reël van:
Byeenkomste; handvaardigheidsprojekte; uitstallings; uitstappies en opvoedkundige besoeke; kampe; stap-, fiets- en ander opvoedkundige toere; groepprojekte wat bewaringstake, gemeenskapsdiens en kompetisies insluit; en aktiwiteite rondom temas.

7. WAT VRA DIE LANDSDIENSBEWEGING VAN DIE GEMEENSKAP?

Die geleentheid en plek om sy ideaal en doelstellings binne die gemeenskap ten volle te kan verwesenlik.

Persone en liggame wat bereid is om as beskermkomiteelede van individuele klubs op te tree.

Volwassenes wat bereid is om hulself, ter wille van die jeug en die toekoms van Suid-Afrika, te géé as Landsdiensleiers.

8. DIE LANDSDIENSIDEAAL WORD SAAMGEVAT IN DIE STREWES NA:

Liefde vir die Skepper.
Liefde vir die Omgewing.
Liefde vir die Medemens.
Liefde vir die Arbeid.



***FACTA NON VERBA:***
***DADE EN NIE WOORDE NIE.***

# THE LAND SERVICE MOVEMENT

1. WHAT IS THE LAND SERVICE MOVEMENT?

It is a youth movement which has the conservation of the environment as its main goal.

2. HISTORICAL OVERVIEW

The Movement had its origin in the vision of a Mr Stone who, in 1914, donated £200 to the then Department of Agriculture in an effort to encourage young boys to farm more scientifically.

In 1943 Land Service Clubs were established by Dr CF Visser for the benefit of the young men and women who had already left school. At that time there were two organisations: the Agricultural Clubs for school-going youngsters, and the Land Service Clubs for those who had already left school.

The two movements joined forces in 1951 and became known as the Land Service Movement.

Over the years there have been changes of accent in the activities of the Movement. Whereas the sixties saw the Movement focusing on Nature Conservation, the Movement's main concern since the eighties has been the conservation of the environment.

In 1994 an executive committee was chosen from the leadership of the different provinces.

3. WHAT ARE THE BROAD AIMS OF THE LAND SERVICE MOVEMENT?

The development of responsible and meaningful citizenship, of a loyalty and love for that which is our own, which can be itemised as follows:

- The appreciation and conservation of the environment with its multiplicity and resources.
- The fostering of traditional values, and of mutual respect.
- The spiritual enrichment of our young people, and a development of their talents in order to equip them to meet the challenges of their time.
- To assist our youth in the attainment of a balanced adulthood.

4. WHO CAN BECOME MEMBERS?

The Land Service Movement is open to every youngster in South Africa who is older that six years of age and who subscribes to the goals of the Movement.



5. WHAT DOES THE LAND SERVICE MOVEMENT OFFER ITS MEMBERS?

- Healthy, stimulating activities.
- Opportunities for self-realisation.
- Healthy and creative leisure time activities.
- The development of a sense of camaraderie and of belonging.
- Opportunities for the development of balanced adulthood.
- Opportunities for community service.
- Knowledge and experience.

6. HOW ARE THESE GOALS ACHIEVED?



By organising:
Meetings; gatherings; projects; exhibitions; excursions and visits; camps; hiking, cycling and other educational tours; group projects which include conservation, community service and competitions; and activities centred around specific themes.

7. WHAT DOES THE LAND SERVICE MOVEMENT ASK OF THE COMMUNITY?

- The opportunity and facilities to achieve its aims and goals within the community.
- Individuals and organisations who are prepared to serve as members of the Patron Committees of specific Clubs.
- Adults who are prepared to give of themselves as Land Service Leaders for the benefit of the young and the future South Africa.




8. THE IDEALS ARE CONTAINED IN STRIVING FOR THE INCULCATION OF:

Love for the Creator.
Love for Labour.
Love for our Fellow Man.
Love for Nature.



***FACTA NON VERBA:***
***DEEDS AND NOT WORDS.***

# DIE LANDSDIENSBEWEGING

1. WAT IS DIE LANDSDIENSBEWEGING?

Dit is 'n opvoedkundige jeugbeweging wat die bewaring van die omgewing nastreef.

2. HISTORIESE OORSIG

Deur die versiendheid van 'n mnr Stone is 'n bedrag van £200 in 1914 aan die destydse Departement van Landbou geskenk om jong seuns te motiveer om op 'n meer wetenskaplike manier te boer.

Die bekende CF Visser het in 1943 Landsdiensklubs vir naskoolse jeug gestig. Daar was dus nou twee bewegings, naamlik die Landbouklubs vir skoolgaande jeug en Landsdiensklubs vir naskoolse jeug. Die twee bewegings het in 1951 saamgesmelt en daarna bekend gestaan as die Landsdiensbeweging.

Deur die jare het daar klemverskuiwings plaasgevind. So is daar sedert die sestiger jare gekonsentreer op natuurbewaring en gedurende die tagtiger jare het dit verander na omgewingsbewaring.

In 1994 is die Hoofbestuur demokraties van uit die streekbesture verkies en alle bande is met die staatsdepartemente verbreek.